

Towerlantern Fotografie

# fotografienuus

september 2020

*Wie se gesigjie is die mooiste?*  
Lensopening: f2.8; Sluiter spoed: verskillend; Fokale lengte 100 mm



Het jy soms lus om foto's te neem, maar weet nie wat om af te neem nie? Of waar om te begin nie?

Met ons gereelde idees in *Fotografienuus* wil ons jou steeds graag help. Ons het byvoorbeeld vir Augustus 'n maandlange daaglikse fototema gegee. Het jy dit gesien? Gedoen? Geslaag?

Daar is baie werkwyses wat gevolg kan word om gereeld met jou kamera aan die gang te bly. Een tegniek – en daaroor wil ons in hierdie uitgawe gesels – is om 'n kort fotoreeksie saam te stel. Ons gee verderaan hulp hiermee in die vorm van idees.

Lees verder ook oor ons foto-uitstalling, oor selfoonkameras, oor lense, en ... Geniet sommer net hierdie uitgawe van *Fotografienuus*.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk

**Bladuitleg:** Fransa Vorster van [Colourcode Designs](#)

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbriëf? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*

## — voorbladfoto

Dit is duidelik dat die voorbladfoto 'n saamgestelde foto is – en dat dit ook 'n voorbeeld is van wat ons 'n fotoreeks kan noem.

Die verskeidenheid foto's (veel meer as die paar in die saamgestelde foto) is vir eenvormigheid met dieselfde kamera en lens geneem; almal op 'n driepoot. Dit is ook min of meer op dieselfde tyd van die dag geneem – oor 'n tydperk van ongeveer 10 dæ.

Dis belangrik om idees te hê vir jou fotografie – anders loop jou fotografie-liefde naderhand net dood en jou kamera en driepoot beland in die kas. Of erger nog, jy besluit om jou driepoot, kamera en duur lense te verkoop.

Dus: Kry idees. En die eenvoudigste wenk is om net alles om jou dop te hou. Idees vir 'n fotoreeks, met toeligting, volg later.

# RIGLYNE

# VIR FOTOREEKSE

Omdat 'n fotoreeks enigiets kan insluit, is dit moeilik om spesifieke riglyne daarvoor te gee. Aan die ander kant, as dit te algemeen is, dan help dit ook niks nie. Ons volstaan dus met wenke wat aansluit by die fotoreeks wat op die voorblad uitgebeeld is.

Vir ons verdere bespreking neem ons dus aan jy het reeds 'n toneel of 'n goeie idee van wat jy wil afneem vir 'n fotoreeks. Ons afspraak is dat dit 'n enkele blom is, maar met klem op 'n komposisie-aspek, naamlik lyne.

Aanvaar, soos altyd, die volgende:

- Die kamera is op 'n driepoot, vir stabiliteit en presisie-fokussering.
- Die toneel is deur die beeldsoeker (Engels: *view finder*) en moontlik ook op die LCD-skerm al te sien.
- Die komposisie is ongeveer reg.

## Werkwyse

**Tipe lens** Die keuse hang van die opstelling af, maar eksperimenteer met verskillende lense.

**Portret-/Landskapformaat** Kies die formaat volgens behoefte. As die foto's as 'n PowerPoint-aanbieding aangebied gaan word, dan is die beste keuse beslis landskapformaat (vir volle vulling van die skyfie, wat in landskapformaat is).

**ISO** So laag as moontlik, byvoorbeeld 100.

**Witbalans** Gee beslis hieraan aandag en eksperimenteer ook daarmee.

**Keuse van fokuspunt** Vir 'n enkel blom sal dit waarskynlik die kern van die blom wees.

**Lensopening** Gebruik 'n groot lensopening vir 'n vlak velddiepte.

**Sluiterspoed** Gebruik die liniaal vir die korrekte beligting.

**Fyn fokussering** Doen noukeurige fokussering (met 'n vergroting van 5 keer en dan weer 10 keer).

# IDEES vir fotoreekse

Die eenvoudigste manier om idees te kry, is deur eenvoudig net rondom jou te kyk. Ons help hier met 'n klompie idees en voorbeelde om aan die gang te kom.

Dan moet jy sorg dat jy genoeg foto's neem sodat jy maklik 'n keuse kan maak vir jou reeks. Die reeks kan in die vorm van 'n saamgestelde foto wees, of 'n PowerPoint-aanbieding of uitdrukke. By 'n PowerPoint-aanbieding sou jy selfs musiek kon bysit.



*Sonlig oor Valsbaai*

## LANDSKAP-, SEESKAP-, STADSKAPREEKS

Enige van hierdie tipe "skappe", en ander, sal werk. Beperk jouself egter tot een of ander aspek, byvoorbeeld lig of komposisie-elemente.

## PROMINENTE ITEM

Daar is nie 'n einde aan prominente items nie. Dit kan wissel van ou windpompe tot sonpompe, of lokomotiewe tot dieselenjins, of molshope tot berge. *Dikke Willem* naby Aus in Namibië gee 'n idee.



*Dikke Willem*

## KLEURREEKS

Wanneer jy weer 'n mooi tuin, of Namakwaland, besoek, maak kleur die tema van jou fotoreeks. As jy nie so gelukkig is nie, en tot jou huis beperk is, maak gebruik van jou kamera se ingeboude kleurfilters (soek dit op die kameraspyskaart of doen navraag) of die witbalansstelling. Die twee kleurvariasies van dieselfde blom hierby is bloot verkry deur 'n verandering van witbalans. Die blom was aanvanklik te pers en is op dié manier verander na effens blouer.



*Perser teenoor blouer*


# IDEES

## vir fotoreekse

vervolg

### WERKLIKHEID NA ONWERKLIKHEID

Stel jou ten doel om 'n reeks te produseer deur met 'n bekende item te begin en met 'n onwerklike te eindig. Gee jou foto selfs 'n titel om die onwerklikheid te beklemtoon, soos "Sonsopkoms" hierby.



### VERRE LANDE EN TONELE

Neem die kyker op reis na verre lande en tonele – sonder om selfs net uit jou erf te gaan. Skep 'n reeks tonele waarmee jy die kyker letterlik "om die bos" lei. Die woudtoneel hierby wys die idee.



### IDILLIESE WÊRELDE

Hierdie is dalk die uitdagendste van al die bogencemde voorstelle – maar dit is sekerlik die bevredigendste. Neem die kyker in dié geval na betowerende lande (dink aan *Alice in Wonderland*) en speel só storieboekspeletjies met jou kamera. Die foto's wys iets hiervan.



# LENSE – *en wense*

As fotografeer kan ons nie anders nie as om baie te wonder, te dink en te praat oor lense. En om ook nog te wens vir 'n "groter" lens. Behalwe dat ons almal permanent twee lense in ons oë saam met ons dra, het baie van ons ook nog brillense en moontlik selfs ingeplante lense wat saamgedra moet word. Kom ons kyk verder na ander lense as dié in ons eie twee oë.

Om mee te begin: Daar is meer tipes lense as net optiese lense. Daar is onder andere ook elektroniese lense. So kan bakterieë byvoorbeeld met 'n optiese mikroskoop (wat, net soos 'n kamera, met lense werk) waargeneem word, maar virusse kan nie so waargeneem word nie. Vir virusse word 'n mikroskoop van 'n ander klas, naamlik 'n sogenaemde elektronmikroskoop, benodig.

In teenstelling met jou oë en kamera se lense, is daar heelwat groteres. Dink maar aan die "lang wit lense" wat by sportgeleenthede gebruik word. Wat fisiese grootte egter betref, is dié ook nog niks in vergelyking met optiese lensteleskope wat vir die waarneming van die maan, planete en sterre gebruik word nie. Ons noem twee sulke teleskope om jou onder die indruk van "groot" te bring.

Die **Groot Parys-ekspo-teleskoop** van 1900 was die grootste lens-teleskoop wat ooit gebou is, met 'n lensdeursnee van 1,25 meter! Die fokale lengte was 57 meter. Dit beteken dat die beeld wat deur die lens gevorm is, 57 meter weg van die lens is. Dink jou so 'n "kamera" in – as so iets ooit gebou sou word. Dié teleskoop was eintlik net 'n vertoonstuk want dit is dieselfde jaar nog weer afgebreek.

Die tweede grootste lens is die **Sweedse 1-m soteleskoop ORM** by La Palma, Kanariese Eilande, Spanje. Dit is in 2002 in gebruik geneem, en is tans nog in gebruik. Dit het 'n lensdeursnee van 1,1 meter en fokale lengte van 15 meter.

Saamgevat: Wees dankbaar vir jou liggewig kamera en lensstelsel. Waardeer die lense van jou kamera – en in die besonder ook jou twee ingeboude lense.

## VIR MEER INLIGTING

[https://en.wikipedia.org/wiki/History\\_of\\_the\\_telescope](https://en.wikipedia.org/wiki/History_of_the_telescope)

[https://en.wikipedia.org/wiki/List\\_of\\_largest\\_optical\\_refracting\\_telescopes](https://en.wikipedia.org/wiki/List_of_largest_optical_refracting_telescopes)

# Wat dan van SALT by Sutherland?

Jy mag wonder waar pas die groot teleskoop by Sutherland dan in.

Ons verduidelik so: Ons het in die vorige uitgawe van *Fotografienuus* gesels oor

- lig wat gebreek word (ligbreking, Engels: *light refraction*), soos by 'n reënboog, en
- lig wat weerkaats word (ligweerkaatsing, Engels: *light reflection*) word, soos jou beeld in 'n badkamerspieël.

Vir optiese teleskope word van beide lig-eienskappe gebruik gemaak. Ons onderskei dan tussen

- 'n lensteleskoop (Engels: *refractor telescope*), en
- 'n spieëlteleskoop (Engels: *reflector telescope*).

As jy dink aan jou kamera se lense, dan is dit die eerste geval. As jy dink aan 'n handspieël wat jy in die badkamer gebruik om jou gesig te vergroot, dan is dit die tweede geval.

Meer nog, jy kan 'n lens "opsny" en weer las, soos by 'n robotlig, om 'n sogencemde Fresnel-lens te gee. Netso kan jy kan 'n geboë spieël "opsny" in 'n groot aantal klein spieëltjies om 'n beter vergroting te gee.

Die SALT (**Suider-Afrikaanse Groot Teleskoop**) by Sutherland is 'n spieëlteleskoop. Die deursnee van die spieël is 11 meter, wat dit die grootste optiese teleskoop in die suidelike halfrond maak. Verder: Dit bestaan uit 91 saamgestelde spieëls. Dit kan sterre en sterrestelsels waarneem wat nie vanaf die noordelike halfrond sigbaar is nie.

## VIR MEER INLIGTING

[https://af.wikipedia.org/wiki/Suider-Afrikaanse\\_Groot\\_Teleskoop](https://af.wikipedia.org/wiki/Suider-Afrikaanse_Groot_Teleskoop)

Om op te som: besef dus optiese teleskope kan in twee klasse verdeel word, naamlik:

- lensteleskope (refraktorteleskope), waar die lig gebreek word;
- spieëlteleskope (reflektorteleskope), waar die lig weerkaats word.



# Neem foto's met jou selfoon!




Wou jy nog altyd goeie foto's met jou selfoon geneem het? Nou is jou kans!

Towerlantern se aanlyn-selfoon-fotografiekursus is beskikbaar vanaf 1 Augustus 2020.

Die kursus bestaan uit 4 sessies.  
Koste: R500  
Navrae: Johan 082 884 7061



 Towerlantern Fotografie

## Selfoonkamerakursus

Towerlantern het op 1 Augustus vanjaar begin met 'n nuwe aanlynkursus, naamlik 'n kursus waarin jy jou selfoonkamera beter kan leer ken.

Moderne selfoonkameras is van hoogstaande gehalte en kan baie goeie foto's neem. En dit is juis die probleem: Dit is so maklik om in een oomblik 'n toneel vas te vang – skerp en ook nog in die wonderlikste kleure. Dis 'n pragtige onthoufoto, ja; maar is dit 'n goeie foto wat gaan uitstaan bo duisend ander?

Kom leer dus meer oor die fyner punte van fotografie. In die algemeen kan jy meer leer van komposisie en lig; in die besonder kan jy meer leer van die instellings, soos sluiterspoed en ISO.

Doen gerus navraag by ons by [johan@towerlantern.co.za](mailto:johan@towerlantern.co.za). Die kursus kos slegs R500 en strek oor 4 verskillende sessies. Omdat die kursus aanlyn is, kan jy dit vanaf enige plek in Suid-Afrika doen; trouens, wat dit betref, vanaf enige plek in die buiteland.

Lees beslis ook die wenke oor selfoonkameras hierna.

## OP INTERNET GESIEN

Raak jy verward by die aanhoor van allerlei programme vir die verwerking van foto's?

Een van ons fotografievriende, Maarten Venter, skryf die volgende (en beskou dit as 'n handige wenk):

*Ek meen ek het al tevore iets soortgelyks gestuur, maar hier is 'n bladsy uit 'n webtuiste wat 'n goeie opsomming gee van wat nou beskikbaar is in "Open Source" s/w vir fotograwe:*  
<https://pixls.us/software/>

# WENKE & TEGNIEKE *vir jou selfoonkamera*


Eddie Vorster

Of jy nou 'n selfoonkamerakursus wil doen of nie, ons gee 'n aantal wenke en tegnieke:

- Maak altyd seker jou selfoonkamera se **lens is skoon**. Dit kan nie toegemaak word soos 'n DSLR kamera se lens nie.
- Kry 'n manier om jou foon vas te hou sodat die kamera die **stabielste** sal wees.
- Neem die foto's deur jou kamera eerder **horisontaal** as vertikaal vas te hou vir 'n wyer hoek.
- As jy foto's vanuit 'n læ hoek wil neem, draai jou foon sodat die **lens die naaste aan die grond** is, om die hoek nog lær te kry.
- Kyk na die lig en speel met skaduwees.
- Moet **nooit die digitale zoem** van die kamera gebruik nie, jy verloor baie detail so.
- Neem in **RAW** sover moontlik; ja, jou foon is in staat om RAW foto's te neem.
- Onthou die **komposisierèls**.
- Speel rond met die **kamer aflits** om interessante beligting te kry.
- **Neem baie foto's**. Meeste selfoonkameras het *burst mode*. As jy die sluiterknoppie druk en jy hou dit in, hou die kamera aan om foto's te neem totdat jy die knoppie los.

Gaan speel lekker rond met jou foon en as dié gogga jou byt, wees op die uitkyk vir die volgende kursus.

Die foto's hierby is albei met 'n selfoon geneem.



*Towerlantern Fotografie*  
- september 2020 -

# Jaarlikse foto-uitstalling

Towerlantern Fotografie gee jaarliks al sy fotografe geleentheid om van hul foto's uit te stal. Ons het reeds in 2012 daarmee begin, en ons is dankbaar dat dit steeds jaarliks nog kon voortgaan. Dit was in Potchefstroom en dit was vir elke uitstaller besonders om sy/haar foto's gedruk, gemonteer en gehang te sien.


Nou het die koronavirus ons lewens betree. Hierdie jaar kan ons dus nie die afgelope jare se gebruik voortsit nie, maar gelukkig het daar nuwe geleenthede gekom. Die uitstalling gaan hierdie jaar aanlyn wees. Dit maak nuwe deure oop vir ons, die uitstallers:

- Ons aanlynvriende kan ook nou deel hê aan die uitstalling.
- Ons kan ons foto's met familie en vriende deel wat elders bly, selfs oorsee.
- Ons kan oor en oor weer teruggaan om die foto's te bekyk.
- Ons kan mede-fotografe se foto's en beskrywings lees en waardeer.
- Ons kan steeds nog ons foto's laat druk en monteer.

Die deelnemers aan die uitstalling kon enige fotogenre kies vir hul foto's. Jy kan jou dus regmaak vir 'n groot verskeidenheid foto's. Hieronder is die volgende:

- Mensfotografie
- Dierfotografie
- Plantfotografie
- Veranderdewerklikheid-fotografie
- Surrealistiese fotografie

Die foto-uitstalling is geskeduleer om vroeg in Septemberte begin. Die YouTube-skakel sal binnekort gestuur word. Hou jou oë daarvoor oop. En nooi sommer 10 van jou vriende om ook te gaan kyk.



## OP INTERNET GESIEN

Die foto hierby, geneem deur Walter Photography, het dadelik ons aandag getrek. Jy sal saamstem: Die spontaneiteit van die oomblik word vasgevang in die foto.

Veral met mensfotografie is dit baie belangrik! Walter Photography sê op hul Facebook-blad die volgende: "Everyone is beautiful behind our lens." Laat dit ook jou dryfkrag wees agter jou mensfoto's.